GLOSSARIUM VAN SLEUTELTERME (TOEGEPASTE LINGUISTIEK)

CC BY NC SA

Hierdie glossarium sluit terminologie in wat in die volgende modules gebruik word:

HAPL481; HAPL482; HAPL483; HAPL484

Accuracy	Precision of language when speaking, writing or reading aloud.
Noukeurigheid	Juistheid van taal wanneer dit gepraat, geskryf of hardop gelees word.
Additional language (AL)	Any language learnt after the first language.
Bykomende taal (BT)	Enige taal wat ná die eerste taal aangeleer is.
Additive bilingualism	The practice of gaining competence in an additional language while the first language is maintained.
Additiewe tweetaligheid	Die praktyk waar bevoegdheid in ’n bykomende taal verkry word, terwyl die eerste taal in stand gehou word
Affective factors	Emotional factors, such as motivation and anxiety, that may influence language learning and use.
Affektiewe faktore	Emosionele faktore, soos motivering en angs, wat die aanleer en gebruik van taal kan beïnvloed.
Affective filter hypothesis	One of five hypotheses in the Monitor Model. The affective filter hypothesis predicts that learners acquire language best in an environment that is pleasant.
Affektiewe filterhipotese	Een van die vyf hipoteses in die Monitor Model. Die affektiewe filterhipotese voorspel dat leerders taal die beste in ’n aangename omgewing aanleer.
Alphabetic principle	The belief that there is a correspondence between letters and sounds.
Alfabetiese beginsel	Die opvatting dat daar ’n ooreenkoms tussen letters en klanke is.

Anaphor	A word that refers back to another word already mentioned in the text, e.g. ***Siya*** *did so well on the test because* ***she*** *studied hard.*
Anafoor	’n Woord wat terugverwys na ’n ander woord wat reeds in die teks genoem is, bv. ***Siya*** *het so goed in die toets gedoen omdat* ***sy*** *hard geleer het*.
Assimilation	Learners are integrated into classrooms where the medium of instruction is different from the learners’ first language; the goal being that learners learn the additional language in a natural environment.
Assimilasie	Leerders word in klaskamers geïntegreer waar die onderrigmedium verskil van die leerders se eerste taal; die doelwit is dat leerders die bykomende taal in ’n natuurlike omgewing aanleer.
Attitude	A person’s orientation towards themselves and their own cultural group, as well as one’s orientation towards others (for example an additional language speaker group).
Houding	Mense se oriëntasie teenoor hulself en hul eie kultuurgroep, asook mense se oriëntasie teenoor andere (bv. ’n groep sprekers van ’n bykomende taal).
Audiolingual method	A method of language teaching that using drills and dialogues and emphasises listening and speaking before reading and writing and that discourages the use of the mother tongue in class. Also known as the ‘Army method’, as it was used to teach foreign languages to American troops during the Second World War.
Oudiolinguistiese metode	'n Taalonderrigmetode wat oefenmetodes en dialoë gebruik, en luister en spraak vóór lees en skryf beklemtoon, en daardeur word die gebruik van die moedertaal in die klas ontmoedig. Dit word ook die ‘weermagmetode’ genoem, aangesien dit gedurende die Tweede Wêreldoorlog gebruik is om vreemde tale aan die Amerikaanse soldate te leer.
Automaticity	When the use of a skill becomes increasingly rapid and automatic with practice and does not require conscious effort.
Outomatisme	Wanneer die gebruik van ’n vaardigheid d.m.v. oefening toenemend vinnig en outomaties word en nie bewuste inspanning vereis nie.

Barking at print	The process in which a learner places emphasis on sounding out words in a text, which results in poor comprehension of the text's meaning.
Eggo-lees	Die proses waartydens 'n leerder klem daarop plaas om woorde in 'n teks te klank, en dit 'n swak begrip van die teks se betekenis veroorsaak.
Basic Interpersonal Communicative Skills (BICS)	Refers to oral language competence and are the language skills that people need on a day-to-day basis to interact with others in social situations.
Basiese Interpersoonlike Kommunikasievaardighede (BIKV)	Verwys na mondelinge taalbevoegdheid en die taalvaardighede wat mense op 'n dag-vir-dag-basis benodig om in sosiale omstandighede met ander mense in wisselwerking te tree.
Bilingual classroom	A classroom where two languages are used for communication, to support teaching and learning.
Tweetalige klaskamer	'n Klaskamer waar twee tale vir kommunikasie gebruik word ter ondersteuning van onderrig en leer.
Bilingualism	The ability of a speaker to communicate fluently in two languages.
Tweetaligheid	'n Spreker se vermoë om vlot in twee tale te kommunikeer.
Bilingual education	An educational setting where two languages are used in a systematic way to teach the curriculum.
Tweetalige onderrig	'n Onderwysomgewing waar twee tale op 'n sistematiese manier gebruik word om die kurrikulum te onderrig.
Biliteracy	The ability to read and write in two languages.
Bi-geletterdheid	Die vermoë om in twee tale te lees en skryf.
Blends	Consonant clusters such as *bl-, thr-*, *str-* in English.
Vermengings	Saamgevoegde konsonante soos *bl-, tr-, gr-* in Afrikaans

Bottom-up processes	Information processing where material is processed from smaller units (such as letters/symbols) using perception, to larger units (such as sentences/paragraphs), using higher-order mental processes.
Onder-na-bo-prosesse	Die prosessering van inligting waar materiaal, deur van persepsie gebruik te maak, vanaf kleiner eenhede (soos letters/simbole) na groter eenhede (soos sinne/paragrawe) geprosesseer word deur die gebruik van hoër-orde breinprosesse.
Cataphor	Pronouns which refer to someone or something to be introduced later in the text, e.g. *Knowing that **he** would be hungry soon, **Tebtaso** set off for the shops*.
Katafoor	Voornaamwoord wat na iemand of iets verwys wat later in die teks voorgestel gaan word, bv. *Omdat hy weet dat **hy** gaan honger word, ry **Tebatso** winkel toe.*
Cloze test	An activity where words are left out of a sentence (e.g. every fifth or ninth word) and the learner is required to fill in the word most likely to fit in the open space. Also known as gap-fill tests.
Cloze-toets	’n Aktiwiteit waar woorde uit ’n sin weggelaat word (bv. elke vyfde of negende woord) en dan word van die leerder verwag om die woord wat die beste in die oop spasie pas, in te vul. Dit word ook die gaping-invultoets genoem.
Code-switching	A practice where one moves between different languages, dialects or registers in a conversation.
Kodewisseling	Dit is ’n praktyk waar ’n mens tydens ’n gesprek tussen verskillende tale, dialekte en registers rondbeweeg.
Code mixing	The mixing of two or more languages or dialects in conversation. The emphasis is on the hybridisation/fusion of the two codes involved, to create a third, new code which has unique structural characteristics.
Kodevermenging	Die vermenging van twee of meer tale of dialekte tydens ’n gesprek. Die klem is op die verbastering/samesmelting van die twee kodes wat betrokke is, ten einde ’n derde, nuwe kode te skep wat unieke strukturele kenmerke het.
Codification	Developing a writing system, establishing rules of grammar and developing vocabulary for standardised language use.

Kodifisering	Die ontwikkeling van ’n skryfstelsel, vassteling van grammatikareëls en die ontwikkeling van woordeskat vir gestandaardiseerde taalgebruik.
Cognates	Words in different languages with the same etymological origin whose forms and meanings are similar. For example, *nurse* and *unesi* (isiZulu).
Kognate	Woorde in verskillende tale met dieselfde etimologiese oorsprong waarvan die vorms en betekenisse dieselfde is, bv. *huis* (Afrikaans) en *Haus* (Duits).
Cognitive Academic	Familiarity with the conventions of academic language and the ability to process and produce written academic langauge in complex ways.
Kognitief akademies	Vertroudheid met die konvensies van akademiese taal en die bevoegdheid om geskrewe akademiese taal op komplekse maniere te prosesseer en te produseer.
Cognitive strategies	Mental tools and tactics used by learners to organise the learning material to support the learning process.
Kognitiewe strategieë	Breinhulpmiddels en -taktieke wat deur leerders gebruik word om die onderrigmateriaal te organiseer ten einde die leerproses te ondersteun.
Coherence	The organisation and integration of information within a text to produce a unified whole.
Koherensie	Die organisasie en integrasie van inligting in ’n teks om ’n saamgestelde geheel te produseer.
Cohesion	The ways that clauses in a text are linked together.
Kohesie	Die maniere waarop frases in ’n teks saamverbind is.
Communicative competence	The skills needed to communicate effectively (which includes knowledge of the grammatical, sociolinguistic, strategic and discourse rules of a language).
Kommunikasiebevoegdheid	Die vaardighede wat benodig word om doeltreffend te kommunikeer (dit sluit kennis oor die grammatikale, sosiolinguïstiese, strategiese en diskoersreëls van ’n taal in).

Communicative interference	The inappropriate transfer of first language culture and communicative patterns to an additional language culture, which often leads to miscommunication.
Kommunikatiewe inmenging	Die onvanpaste oordrag van eerste taalkultuur en kommunikatiewe patrone na ’n bykomende taalkultuur, wat dikwels tot miskommunikasie lei.
Communicative language teaching (CLT) approach	An approach to language teaching that emphasises communicative competence in real-world situations through authentic interaction.
Kommunikatiewe taal-onderrigbenadering (KTO)	’n Benadering tot taalonderrig wat kommunikatiewe vaardighede in ’n reële wêreldsituasie deur outentieke wisselwerking beklemtoon.
Competence	The ability to do something successfully or efficiently.
Bevoegdheid	Die vermoë om iets suksesvol of doeltreffend te doen.
Comprehension	The ability to understand language input. Reading comprehension refers to the reader’s understanding of written information. Listening comprehension refers to a listener's understanding of oral information.
Begrip	Die vermoë om taal insette te verstaan. Leesbegrip verwys na die leser se begrip van geskrewe inligting. Luisterbegrip verwys na die luisteraar se begrip van mondelinge inligting.
Consolidation stage	The period in a learner’s scholastic career during which reading skills become increasingly refined.
Konsolidasiestadium	Die periode in ’n leerder se skoolloopbaan waartydens leesvaardighede toenemend verfyn word.
Constructs	Theoretical entities that form the key components of theories. ‘Intelligence’, ‘motivation’ and ‘anxiety’ are examples of constructs. In psychology, a construct is a skill, attribute, or ability that is based on one or more established theories. Constructs are not directly observable.
Konstrukte	Teoretiese entiteite wat die sleutelkomponente van teorieë vorm. ‘Intelligensie’, ‘motivering’ en ‘angs’ is voorbeelde van konstrukte. In sielkunde is ’n konstruk ’n vaardigheid, kenmerk of vermoë wat gebaseer is op een of meer gevestigde teorieë. Konstrukte is nie direk waarneembaar nie.

Context disembedded/ context reduced	Language in which the context is explained and meaning construction does not rely on interaction.
Konteks nie veranker nie/ konteks verminderd	Taal waarin die konteks verduidelik word en betekeniskonstruksie hang nie van wisselwerking af nie.
Context embedded	Language that contains many linguistic items whose meaning must be recovered from the interactional context.
Konteks veranker	Taal wat baie linguistieke items bevat waarvan die betekenis uit die wisselwerkende inhoud herwin moet word.
Contrasts	Differences between languages that may give rise to errors.
Kontraste	Verskille tussen tale wat na foute kan lei.
Contrastive analysis hypothesis	The Contrastive Analysis Hypothesis states that errors in the second/additional language can be predicted through a systematic analysis of the differences between a speaker's first and second languages.
Kontrastiewe analise-hipotese	Die kontrastiewe analise-hipotese beweer dat foute in die tweede/bykomende taal nie deur 'n sistematiese ontleding van die verskille tussen 'n spreker se eerste en tweede taal voorspel kan word nie.
Correlation	In statistics, a correlation coefficient describes the relationship between two variables. Correlation coefficients range from 0 (no overlap between variables) to 1 (complete overlap between variables). A positive correlation means that as one variable increases the other variable increases. A negative correlation means that as one variable increases the other variable decreases.
Korrelasie	In statistiek beskryf 'n korrelasie-koëffisiënt die verhouding tussen twee veranderlikes. Korrelasie-koëffisiënte strek vanaf 0 (geen oorvleueling tussen veranderlikes nie) tot 1 (volledige oorvleueling tussen veranderlikes). In 'n positiewe korrelasie neem een veranderlike toe wanneer die ander veranderlike toeneem. In 'n negatiewe korrelasie neem die een veranderlike toe wanneer die die ander veranderlike afneem.

Covert errors	Errors which only become evident in the broader context; i.e. errors that cause a semantic breakdown, even though the sentence is grammatically well-formed.
Koverte foute	Foute wat slegs in die breër konteks duidelik word, d.w.s. foute wat ’n semantiese defek veroorsaak, alhoewel die sin grammatikaal goed gevorm is.
Criterion	A standard used to judge something. You may know this word in its plural form (*criteria*).
Kriterium	’n Standaard wat gebruik word om iets te beoordeel. U ken dalk hierdie woord in die meervoudsvorm (kriteria).
Criterion-referenced testing	Testing that assesses performance in relation to a criterion.
Kriteriumverwysde toetsing	Toetsing wat prestasie in verhouding tot ’n kriterium assesseer.
Critical period hypothesis	A specific period of time in a human being’s life which is optimal for acquiring a particular skill, such as language.
Kritiese periode hipotese	’n Spesifieke periode in ’n mens se lewe wat die gunstigste is vir die verwerwing van ’n spesifieke vaardigheid, soos ’n taal.
Cross-linguistic transfer	A transfer of linguistic knowledge/skills between two languages.
Kruislinguistieke oordrag	’n Oordrag van linguistieke kennis/vaardighede tussen twee tale.
Debilitative anxiety	The state in which a person is so overcome with worry that they are unable to use the additional language effectively.
Verswakkende angs	Die toestand waarin mense so oorstelp met bekommernis is dat hulle nie in staat is om die bykomende taal doeltreffend te gebruik nie.
Decoding	Reading a word by converting the word’s orthographic (written) form to a phonological (sound) form to access the word’s meaning.
Dekodering	Lees van ’n woord deur die woord se ortografiese (geskrewe) vorm om te skakel in ’n fonologiese (klank-) vorm om toegang tot die woord se betekenis te verkry.

Decolonisation	Rejecting colonial cultures and languages as part of a process to release a country from the political and economic control of a more powerful country.
Dekolonisasie	Verwerping van koloniale kulture en tale as deel van ’n proses om ’n land te bevry van die politieke en ekonomiese beheer van ’n magtiger land.
Dialect	A regional or social variety of a language which is distinguished from the standard variety through characteristic features in the vocabulary, grammar and pronunciation.
Dialek	’n Streeks- of sosiale taalvariëteit wat van die standaardvariëteit onderskei word deur kenmerkende eienskappe in die woordeskat, grammatika en uitspraak.
Diglossia	The use of two varieties (for example a ‘high’ and ‘low’ variety) of the same language in different situations in a speech community, typically by the same speakers, but in non-overlapping roles.
Diglossie	Die gebruik van twee variëteite (bv. ’n ‘hoë’ of ’n ‘lae’ variëteit) van dieselfde taal in verskillende situasies in ’n spraakgemeenskap, tipies deur dieselfde sprekers, maar in nie-oorvleulende rolle.
Differential performance	Differences in proficiency between additional language learners.
Differensiële prestasie	Verskille in die bekwaamheid van leerders wat bykomende tale leer.
Direct testing	Tasks that require the learner to perform the skill that is being tested, for example asking learners to write a paragraph if writing is being assessed.
Direkte toetsing	Opdragte wat van die leerder verwag om die vaardigheid te vertoon wat getoets word, bv. om leerders te versoek om ’n paragraaf te skryf wanneer skryfwerk geassesseer word.
Discourse analysis	A range of approaches used to critically analyse texts.
Diskoersontleding	’n Reeks benaderings wat gebruik word om tekste krities te ontleed.
Eclecticism	The selection of various techniques or activities from different language teaching methods when planning and presenting a lesson.

Eklektisisme	Die keuse van verskeie tegnieke of aktiwiteite uit verskillende taalonderrigmetodes wanneer ’n les beplan en aangebied word.
Emergent bilingualism	The use of both the first language and additional language in the classroom in the early school years.
Ontluikende tweetaligheid	Die gebruik van beide die eerste taal en bykomende taal in die klaskamer tydens die vroeë skooljare.
Emergent literacy	Children’s early knowledge about reading and writing.
Ontluikende geletterdheid	Kinders se vroeë kennis oor lees en skryf.
Encoding	Putting the phonemes of a word together to create meaning.
Enkodering	Die saamvoeging van ’n woord se foneme om betekenis te skep.
Environmental print	Text that occurs in everyday life, such as logos and names of products.
Omgewingsdrukwerk	Teks wat in die alledaagse lewe voorkom, soos logo’s en produkname.
Epistemological	Relating to, or based on epistemology. Epistemology is the study of the nature, origin and limits of human knowledge, especially with regard to the distinction between justified beliefs and opinions.
Epistomologiese	Hou verband met, of is gebaseer op epistomologie. Epistomologie is die studie van die aard, oorsprong en beperkings van menslike kennis, veral wat betref die onderskeid tussen geregverdigde oortuigings en menings.
Error	A faulty utterance which occurs because the learner has not yet mastered a particular feature of the additional language.
Fout	’n Foutiewe uiting wat plaasvind omdat die leerder nog nie ’n spesifieke eienskap van die bykomende taal bemeester het nie.
Ethnography of speaking	The original name of the SPEAKING framework that Dell Hymes developed for the analysis of communication within the wider context of the social and cultural practices and beliefs of the members of a particular culture or speech community.

Etnografie van spraak	Die oorspronklike naam van die 'SPEAKING' raamwerk wat deur Dell Hymes ontwikkel is vir die ontleding van kommunikasie binne die breër konteks van die sosiale en kulturele praktyke en opvattings van die lede van 'n spesifieke kultuur of spraakgemeenskap.
Explicit	Clearly expressed communication or instruction that leaves nothing to be assumed. Explicit instruction, for example, directs attention to the object of learning.
Eksplisiete	Kommunikasie of instruksies wat duidelik uitgedruk word en niks bevat wat veronderstel moet word nie, bv. eksplisiete instruksie rig die aandag op die voorwerp van leer.
Expository texts	A text type that contains facts and information.
Uitleggende tekste	'n Tekstipe wat feite en inligting bevat.
Extensive reading program	Readers read as many texts as they can. The focus is not on completely understanding all the information in every text, but on the quantity of texts being read.
Omvattende leesprogram	Lesers lees soveel tekste as wat hulle kan. Die fokus is nie op die volledige begrip van al die inligting in elke teks nie, maar op die hoeveelheid tekste wat gelees word.
Facilitative anxiety	The state in which a person feels alert, energised and able to cope with the demands of learning an additional language.
Fasilitêrende angs	Die toestand wanneer 'n mens op en wakker en vol energie voel en in staat is om die eise te hanteer wat die aanleer van 'n bykomende taal van jou behels.
False cognates	Words that have similar forms and/or sounds in different languages, but have different meanings. For example, English *assist* (to help) and Spanish *asistir* (to attend).
Vals kognate	Woorde wat dieselfde vorms en/of klanke in verskillende tale het, maar verskillende betekenisse het, bv. Nederlands *vaak* (dikwels) en Afrikaans *vaak* (slaperig).

Feedback	Information provided by a teacher regarding a group or an individual's performance.
Terugvoer	Inligting wat deur 'n onderwyser voorsien word oor die prestasies van 'n groep of individu.
Field dependent learning	A learning style in which the learner tends to approach concepts holistically rather than analytically and prefers inductive styles of learning.
Veld-afhanklike leer	'n Leerstyl waar die leerder neig om konsepte holisties in plaas van analities te benader en induktiewe leerstyle verkies.
Field independent learning	A learning style in which the learner tends to be analytical and prefers deductive approaches to learning material.
Veld-onafhanklike leer	'n Leerstyl waar die leerder neig om analities te wees en deduktiewe benaderings bo leermateriaal verkies.
First language (L1)	The language that a child learns first and maintains throughout life or the language the child feels most comfortable using. In the South African context also referred to as the Home Language and in other contexts also referred to as the mother tongue.
Eerste taal (L1)	Die taal wat 'n kind eerste leer en dwarsdeur sy lewe in stand hou, of die taal wat die kind die gemaklikste voel om te gebruik. In die Suid-Afrikaanse konteks word dit ook die huistaal genoem, en in ander kontekste word dit ook moedertaal genoem.
Fluency	A measure of both speed and accuracy, i.e. efficiency. Speaking fluency: Ability to speak rapidly with some mistakes but overall coherence in meaning; Reading fluency: Reading with accuracy and speed which enables understanding (comprehension); Writing fluency: ability to write with sufficient speed and accuracy for the task demands.
Vlotheid	'n Maatstaf van beide spoed en akkuraatheid, d.w.s. doeltreffendheid. Om vlot te praat: die vermoë om vinnig te praat en 'n paar foute te maak, maar in die geheel met koherente betekenis. Leesvlotheid: om vinnig en akkuraat te lees sodat begrip geaktiveer word (om te verstaan). Om vlot te skryf: die vermoë om met die voldoende spoed en akkuraatheid wat vir die taak vereis word, te skryf.

Foreign language (FL)	A language to which a learner has very limited contact outside the classroom.
Vreemde taal (VT)	’n Taal waarmee ’n leerder buite die klaskamer baie beperkte kontak het.
Formative assessment	Assessment that takes places continually throughout the year or course.
Formatiewe assessering	Assessering wat voortdurend gedurende die jaar of kursus plaasvind.
Fossilisation	In second language learning, a state where persistent errors in a learner’s additional language occur and are hard to overcome.
Fossilering	In tweedetaal aanleer, volgehoue foute wat in ’n leerder se bykomende taal voorkom en wat moeilik is om te oorkom.
Functional literacy	Reading and writing skills that are adequate to manage daily living and employment tasks that require literacy skills.
Funksionele geletterdheid	Lees- en skryfvaardighede wat voldoende is om opdragte in die alledaagse lewe te kan hanteer waar geletterdheidsvaardighede nodig is.
Genre	A group of texts which have the same purpose or audience, and share certain textual and linguistic features. For example, texts in the business email genre have the purpose to give or request information, the audience is usually someone at the workplace, and the emails will use the same format (a subject header, main body, salutation).
Genre	’n Groep tekste wat dieselfde doelwit of gehoor het en sekere gemeenskaplike tekstuele en linguistiese kenmerke het, bv. tekste in die besigheids-e-pos-genre se doel is om inligting te verskaf of aan te vra, die gehoor is gewoonlik iemand by ’n werkplek, en die e-posse sal dieselfde formaat gebruik (’n onderwerp-opskrif, hoofgedeelte, groet).
Genre pedagogy	The instructional approach in which teachers familiarise learners with different texts by teaching them the format and writing conventions of various text genres.
Genre pedagogie	Die instruksionele benadering waarmee onderwysers leerders aan verskillende tekste bekendstel deur hulle van die formaat en skryfkonvensies van verskillende teksgenres te leer.

Grammatical competence	See linguistic competence.
Grammatikale bevoegdheid	Sien linguïstiese bevoegdheid.
Grapheme	Symbols used in writing. In an alphabet, graphemes refer to letters.
Grafeem	Simbole wat gebruik word om te skryf. In ’n alfabet verwys grafeme na letters.
Habit	An automatic response to a particular stimulus.
Gewoonte	’n Outomatiese reaksie op ’n spesifieke stimulus.
High-frequency words	A collection of the most common words in a language measured by their frequency of occurrence in written or spoken corpora.
Hoëfrekwensie woorde	’n Versameling woorde wat die mees algemeen in ’n taal gebruik word, gemeet deur hoe dikwels dit in geskrewe of gesproke korpusse voorkom.
Hypothesis	A hypothesis is a claim or proposed explanation about a single observed or expected phenomenon.
Hipotese	’n Hipotese is ’n bewering of voorgestelde verduideliking oor ’n enkele waargenome of verwagte fenomeen.
Implicit learning	Implicit learning happens unconscious or is presumed from the context.
Implisiete leer	Implisiete leer vind onbewustelik plaas, of word uit die konteks vermoed.
Incidental learning	Learning of information or ability as a by-product of focusing on another learning activity. For example, learning vocabulary while being engaged in reading for meaning.
Toevallige leer	Die aanleer van inligting of vermoë as ’n byproduk, terwyl daar op ’n ander leeraktiwiteit gefokus word, bv. woordeskat wat aangeleer word terwyl daar vir betekenis gelees word.

Indirect testing	Tasks that test abilities that underlie the skills used in the assessment.
Indirekte toetsing	Opdragte wat vermoëns toets wat onderliggend is aan die vaardighede wat in die assessering gebruik word.
Inferencing	Information derived from texts that is not stated explicitly but is deduced from elements in the text and from our background knowledge.
Inferensie	Inligting wat uit tekste afgelei word wat nie uitdruklik vermeld word nie, maar afgelei word uit in die tekselemente en uit ons agtergrondkennis.
Information gap task	A task where only some learners have the information that is required to complete an activity.
Inligtingsgaping-taak	’n Taak waar slegs party leerders oor die inligting beskik wat nodig is om die aktiwiteit te voltooi.
Input hypothesis	Asserts that learners acquire language when they are exposed to language that is comprehensible.
Inset-hipotese	Beweer dat leerders ’n taal aanleer wanneer hulle aan verstaanbare taal blootgestel word.
Instrumental motivation	The state of being interested in learning the additional language to further other goals such as employment or to complete a qualification.
Instrumentele motivering	Die toestand van belangstelling om die bykomende taal aan te leer ten einde ander doelwitte te bereik, soos ’n werk of om ’n kwalifikasie te voltooi.
Integrative motivation	The state of being interested in the people and culture of the additional language and desiring to establish closer contacts with native speakers of the additional language.
Integratiewe motivering	Die toestand van belangstelling in die mense en kultuur van die bykomende taal, asook die behoefte om nouer kontak met die oorpronklike sprekers van die bykomende taal te maak.

Intensive reading program	A reading program where each text is read thoroughly, and repeatedly until completely understood.
Intensiewe leesprogram	’n Leesprogram waar elke teks deeglik en herhaaldelik deurgelees word totdat dit volledig begryp word.
Interactive reading	The process between an adult and child of actively engaging while reading a text.
Interaktiewe lees	Die proses tussen ’n volwassene en kind van aktiewe betrokkenheid terwyl ’n teks gelees word.
Intercultural communication	Interaction that happens between people which is influenced by differing cultural conventions.
Interkulturele kommunikasie	Wisselwerking wat tussen mense plaasvind wat deur uiteenlopende kulturele konvensies beïnvloed word.
Interference	When structures in the first language and the additional language differ substantially, and the learner imposes first language patterns on the additional language.
Interferensie	Wanneer strukture in die eerste taal en die bykomende taal beduidend verskil en die leerder patrone van die eerste taal verkeerdelik op die bykomende taal toepas.
Interlanguage	A learner’s developing language which contains characteristics of the learner’s first language and characteristics of the second/additional language, as well as some characteristics that fall between the two languages
Intertaal	’n Leerder se ontwikkelingstaal wat eienskappe van die leerder se eerste taal en eienskappe van die tweede/bykomende taal bevat, asook ’n paar eienskappe wat tussen die twee tale val.
Interlingual errors	Errors caused by the differences between the first language and the additional language.
Interlinguïstiese foute	Foute wat veroorsaak word a.g.v. die verskille tussen die eerste taal en die bykomende taal.

Interlingual transfer	The shift of a linguistic item or structure from the first language to the additional language.
Interlinguïstiese oordrag	Die verskuiwing van ’n linguistiese item of struktuur vanaf die eerste taal na die bykomende taal.
Intralingual transfer	The shift of a linguistic item or structure within the additional language.
Intralinguïstiese oordrag	Die verskuiwing van ’n linguistiese item of struktuur binne die bykomende taal.
Language acquisition	The unconscious and natural process of gaining competence in a language.
Taalverwerwing	Die onbewustelike en natuurlike proses om bevoegdheid in ’n taal te verwerf.
Language acquisition device (LAD)	A theoretical construct, proposed by Chomsky, that makes it possible to acquire language. Also called the inborn language faculty, it later developed into Universal Grammar (UG).
Taalverkrygingstoestel (TVT)	’n Teoretiese konsep wat deur Chomsky voorgestel is, waardeur dit moontlik is om ’n taal aan te leer. Dit word ook die ingebore taalfakulteit genoem wat later in Universele Grammatika (UG) ontwikkel het.
Language anxiety	The fear a person feels when they are not fully proficient in the AL but they are in a situation that requires use of the AL.
Taal-angstigheid	Die vrees wat persone ervaar as hulle nie ten volle bedrewe is in die bykomende taal (BT) nie, terwyl hulle in ’n situasie verkeer waar die BT gebruik moet word.
Language aptitude	The extent to which one has the ability to learn new languages.
Taalaanleg	Die mate waarin ’n mens oor die vermoë beskik om nuwe tale aan te leer.
Language learning	The deliberate and effortful task of gaining competence in a language.
Aanleer van taal	Die doelbewuste en inspannende taak om bevoegdheid in ’n taal te verkry.
Language of learning and teaching (LoLT)	A South African term to refer to the language which is the medium of instruction in a classroom.

Taal van leer en onderrig (TLO)	’n Suid-Afrikaanse term om na die taal te verwys wat in ’n klaskamer die instruksiemedium is.
Language Planning	The concerted effort to influence the function, structure or acquisition of language in a linguistic community.
Taalbeplanning	Die doelbewuste poging om die funksie, struktuur of aanleer van taal in ’n linguïstiese samelewing te beïnvloed.
Language planning -in-education	Measures to influence how languages are used within the education sector.
Taalbeplanning in onderwys	Maatreëls om te beïnvloed hoe tale in die onderwyssektor gebruik word.
Language Policy	A policy which determines how languages should be used and cultivated in specific contexts.
Taalbeleid	’n Beleid wat bepaal hoe tale in spesifieke kontekste gebruik en ontwikkel moet word.
Learner autonomy	A learner's ability to take responsibility for their own learning and to set goals that would improve their performance.
Leerder-outonomie	Leerders se vermoëns om verantwoordelikheid vir hul eie leer te neem en om doelwitte te stel om hulle prestasies te verbeter.
Learning strategies	Specific methods or techniques that learners use to tackle a particular task or to solve a problem.
Leerstrategieë	Spesifieke metodes of tegnieke wat leerders gebruik om ’n bepaalde taak aan te pak of ’n probleem op te los.
Learning styles	The fairly characteristic way in which a learner approaches a learning environment or engages in the learning process.
Leerstyle	Die redelike kenmerkende manier waarop ’n leerder ’n leeromgewing benader of in die leerproses betrokke raak.

Lexeme	A meaningful unit in a language, consisting of a word or group of words. A single-word lexeme (e.g. *talk*) may have a number of inflectional forms (*talks*, *talked*, *talking*). A multiword lexeme consist of more than one orthographic word (e.g. *speak up*).
Lekseem	’n Betekenisvolle eenheid in ’n taal wat uit ’n woord of groep woorde bestaan. ’n Enkelwoord-lekseem (bv. *praat*) kan ’n aantal infleksievorms hê (*praat, pratery, gepraat*). ’n Multiwoord-lekseem bestaan uit meer as een ortografiese woord (bv. *twak praat*).
Lexicon	The complete set of meaningful units in a language; a language's inventory of lexemes.
Leksikon	Die volledige stel betekenisvolle eenhede in ’n taal; ’n taal se inventaris van lekseme.
Lexical access	Being able to recall the meaning of a word from memory, as it is stored in the lexicon.
Leksikale toegang	Die vermoë om die betekenis van ’n woord in jou geheue te kan oproep soos dit in die leksikon gestoor is.
Linguistic competence	The ability to correctly apply the phonological, grammatical and pragmatic rules of a language.
Linguïstiese bevoegdheid	Die vermoë om die fonologiese, grammatikale en pragmatiese taalreëls korrek toe te pas.
Literacy	Literacy at the most basic level refers to the ability to read and write. It can also refer to more general knowledge or ability in an area. For example, emergent literacy refers to one’s early ideas about reading and writing, and digital literacy refers to an ability to use digital platforms to access and share information.
Geletterdheid	Op die mees basiese vlak, verwys geletterdheid na die vermoë om te lees en skryf. Dit kan ook na die meer algemene kennis of vermoë in ’n area verwys, bv. ontluikende geletterdheid verwys na ’n mens se vroeë idees oor lees en skryf, en digitale geletterdheid verwys na ’n vermoë om digitale platvorms te gebruik om toegang tot inligting te verkry en dit te deel.

Logical relations/ semantic relations	The relationship between two concepts within or across sentences.
Logiese verhoudings/ semantiese verhoudings	Die verhouding tussen twee konsepte in sinne of oor sinne heen.
Macro language planning	Language planning on a large scale (for example at state level).
Makro-taalbeplanning	Taalbeplanning op ’n groot skaal (bv. op regeringsvlak).
Macrostructure	The conventional or expected text structure of a genre.
Makrostruktuur	Die konvensionele of verwagte teksstruktuur van ’n genre.
Mainstream integrative support	When learners who are not first language speakers of the target language are grouped with native speakers and receive language support during lessons.
Hoofstroom integrerende ondersteuning	Wanneer leerders, wat nie eerstetaalsprekers van die doeltaal is nie, saam met moedertaalsprekers gegroepeer word en tydens lesse taalondersteuning ontvang.
Matthew effect	The phenomenon where children with lower levels of a skill (such as reading) are less inclined to practice the skill and as a result further entrench low levels of the skill.
Mattheus-effek	Die fenomeen waar kinders, met laer vlakke in ‘n vaardigheid (soos lees), minder geneig is om die vaardigheid te oefen en die gevolg is dat laer vlakke van die vaardigheid ingewortel raak.
Medium of instruction	The language of teaching and learning that teachers and learners use at a school.
Instruksiemedium	Die taal van onderrig en leer wat deur onderwysers en leerders by die skool gebruik word
Metacognition	Awareness and understanding of cognitive processes.
Metakognisie	Om van kognitiewe prosesse bewus te wees en dit te begryp.

Metacognitive strategies	A learner's ability to think about what is happening during learning and to plan, monitor and evaluate their learning.
Metakognitiewe strategieë	Leerders se vermoëns om te dink oor wat gedurende leer plaasvind en om hul leer te beplan, te monitor en te evalueer.
Method	A teaching technique used and perpetuated by supporters of a particular theoretical understanding.
Metode	'n Onderrigtegniek wat met bestendigheid deur ondersteuners van 'n spesifieke teoretiese begrip gebruik word.
Micro language planning	Language planning on a small scale (e.g. family language planning).
Mikro-taalbeplanning	Taalbeplanning op 'n klein skaal (bv. taalbeplanning in 'n gesin).
Mistakes	Incorrect utterances that occur when a learner knows how to use the particular word or construction correctly, but due to inattention, fatigue, anxiety or nervousness produces an incorrect utterance.
Foute	Verkeerde uitinge wat plaasvind wanneer 'n leerder weet hoe om die spesifieke woord of konstruksie reg te gebruik, maar 'n verkeerde uiting maak weens onoplettendheid, moegheid, angs of senuagtigheid.
Model	A model describes processes or sets of processes related to a phenomenon and how different components of a phenomenon interact.
Model	'n Model beskryf prosesse of stelle prosesse wat met 'n fenomeen verband hou, asook hoe verskillende komponente van 'n fenomeen op mekaar reageer.
Modified interaction	When first language speakers adjust their speech when communicating with an additional language speaker.
Aangepaste wisselwerking	Wanneer eerstetaalsprekers hul gesprekke aanpas wanneer hulle met tweedetaal/bykomende taal sprekers kommunikeer.

Monitor hypothesis	Asserts that learners use the grammar rules of a language as an editor, allowing them to correct errors while communicating.
Monitor-hipotese	Beweer dat leerders, terwyl hulle kommunikeer, die grammatikale reëls van ’n taal as taalversorgers gebruik en daardeur hulle foute kan regstel.
Monolingualism	Fluency of a speaker in only one language.
Eentaligheid	Vlotheid van ’n spreker in slegs een taal.
Monolingual classroom	A classroom where only one language is used for teaching and learning.
Eentalige klaskamer	’n Klaskamer waar slegs een taal vir onderrig en leer gebruik word.
Morpheme	The smallest meaningful unit of language. For example, *unkind* consists of two morphemes, *kind* (root/stem word) and *un-* (negative prefix).
Morfeem	Die kleinste betekenisvolle eenheid van taal, bv. *onvriendelik* bestaan uit twee morfeme, *vriendelik* (wortel-/stamwoord) en *on-* (negatiewe voorsetsel).
Morphology	The study of the structure of words and how they are formed (see Morpheme).
Morfologie	Die studie van woordstrukture en hoe dit gevorm word (sien Morfeme).
Motivation	Inner drive or desire that moves someone to a particular action.
Motivering	Innerlike dryfveer of begeerte wat iemand tot ’n spesifieke optrede aanmoedig.
Multilingualism	The ability of a speaker to communicate in more than two languages.
Veeltaligheid	Die vermoë van ’n spreker om in meer as twee tale te kommunikeer.
Multilingual classroom	A classroom where more than two languages are used for communicating.
Veeltalige klaskamer	’n Klaskamer waar meer as twee tale vir kommunikasie gebruik word.

Multiple intelligences	Different types of abilities which can be developed during a person's life (including verbal, logical, spatial, musical, kinaesthetic, interpersonal and intrapersonal intelligences).
Veelsoortige intelligensies	Verskillende soorte vermoëns wat gedurende 'n mens se lewe ontwikkel kan word (insluitend verbale, logiese, ruimtelike, musikale, kinestetiese, interpersoonlike en intrapersoonlike intelligensies).
Narrative texts	A text type that is characterised by stories and that is mainly fictional.
Verhalende tekste	'n Soort teks wat gekenmerk word deur stories wat hoofsaaklik fiktief is.
Natural order hypothesis	The Natural order hypothesis states that learners acquire grammar rules in a specific order and not necessarily in the order in which they are taught.
Natuurlike-ordehipotese	Die natuurlike-ordehipotese voer aan dat leerders grammatikale reëls in 'n spesifieke volgorde aanleer en nie noodwendig in die volgorde waarin dit onderrig word nie.
Negative transfer	When structures in the first language and the additional language differ substantially, and the learner imposes the first language patterns on the additional language.
Negatiewe oordrag	Wanneer strukture in die eerste taal en die bykomende taal wesenlik verskil en die leerder die patrone van die eerste taal verkeerdelik op die tweede taal toepas.
Norm	Refers to a skill level that is typically expected based on information from many people. For example, the norm is that children produce their first two-word sentence around the age of two.
Norm	Verwys na 'n vaardigheidsvlak wat kenmerkend verwag word, gebaseer op inligting van baie mense, bv. die norm is dat kinders hulle eerste sinne, wat uit twee woorde bestaan, op tweejarige ouderdom vorm.
Norm-referenced testing	Learner performance reported as a score which indicates a learner's ability in relation to other learners' abilities.
Normverwysende toetsing	Leerderprestasie wat vermeld word as 'n telling wat die leerder se vermoë in verhouding tot ander leerders se vermoëns aantoon.

Observable behaviour	These are actions that can be seen, e.g. talking, gesturing, smiling, yawning etc.
Waarneembare gedrag	Dit is optredes wat sigbaar is, bv. praat, gebare, glimlag, gaap ens.
Opaque orthography	Written language in which the spelling of words is inconsistent and where a one-to-one relationship between graphemes and phonemes does not occur.
Ondeursigtige ortografie	Geskrewe taal waar die spelling van woorde inkonsekwent is en waar daar nie ’n een-tot-een verhouding tussen grafeme en foneme is nie.
Overgeneralisation	When a learner applies a rule learnt elsewhere in inappropriate contexts.
Oorveralgemening	Wanneer ’n leerder ’n reël, wat hy elders geleer het, in onvanpaste kontekste toepas.
Overt errors	Errors that are clearly incorrect, for example subject-verb agreement errors.
Waarneembare foute	Foute wat baie duidelik is, bv. waar die onderwerp-werkwoord-kongruensie foutief is.
Parallel processing mode	The simultaneous processing of language in terms of decoding and comprehension in order to derive meaning during reading.

Parallelle verwerkingsmodus- Die gelyktydige verwerking van taal in terme van dekodering en begrip om te verseker betekenis tydens lees afgelei kan word.

Performance	Actual (and often flawed) use of a language in real situations.
Uitvoering	Werklike (en dikwels foutiewe) gebruik van ’n taal in werklike situasies.
Personality traits	Aspects of a person’s character that they are born with.
Persoonlikheidseienskappe	Aspekte van mense se karakters waarmee hulle gebore word.
Phonemic awareness	The understanding that a word is made up of a series of discrete phonemes; a subskill of phonological awareness.
Fonemiese bewussyn	Die begrip dat ’n woord saamgestel word uit ’n reeks afsonderlike foneme; ’n sub-vaardigheid van fonologiese bewustheid.

Phonemic segmentation	The ability to break words down into their component parts at the phoneme level.
Fonemiese segmentasie	Die vermoë om, op die foneemvlak, woorde af te breek in hul samestellende dele.
Phonics approach	An instructional approach in which children are explicitly taught sound-symbol correspondences in their language and how to use them to decode unfamiliar words.
Fonetiese benadering	’n Onderrigbenadering waar kinders uitdruklik oor klank-simbool-ooreenkomste in hul taal geleer word, asook hoe om dit te gebruik om onbekende woorde te dekodeer.
Phonics instruction	The process of developing phonemic awareness and phonemic analysis through explicit teaching of letter-sound correspondences.
Fonetiese instruksie	Die proses om fonemiese bewussyn en fonemiese ontleding te ontwikkel deur die uitdruklike onderrig van letter-klank-verbintenisse.
Phonological awareness	Being able to hear and manipulate the sounds of your language e.g. knowing that *dog* starts with the /d/ sound and that there are three syllables in *butterfly.*
Fonologiese bewussyn	Om in staat te wees om die klanke van jou taal te hoor en te manipuleer, bv. om te weet dat *hond* met die /h/ klank begin en dat daar drie lettergrepe in *perdeby* is.
Plurilingualism	Plurilingualism is the ability to communicate in multiple languages. The difference with multilingualism is that plurilingualism is less about the level of fluency and competency and more about the ongoing ability to use multiple language repertoires for specific purposes.
Pluri-taligheid	Pluri-taligheid is die vermoë om in verskeie tale te kommunikeer. Dit verskil van veeltaligheid in die opsig dat pluri-taligheid minder oor die vlak van vlotheid en bevoegdheid gaan en meer oor die voortdurende vermoë om ’n verskeidenheid taal-repertoires vir spesifieke doeleindes te gebruik.
Pragmalinguistic failure	Occurs when speech act strategies are inappropriately transferred from the first language to an additional language.
Pragmalinguistiese mislukking	Vind plaas wanneer spraak-aksiestrategieë onvanpas vanaf die eerste taal na ’n bykomende taal oorgedra word.

Pragmatics	The study of how language is used in real-life communication, by considering the context.
Pragmatiek	Die studie van hoe taal in die werklike lewe gebruik word, en hoe konteks taalgebruik beïnvloed.
Primary language	The language that a child learns first and maintains throughout life or the language a person uses most regularly.
Primêre taal	Die taal wat ’n kind eerste aanleer en regdeur sy/haar lewe in stand hou, of die taal wat ’n mens die gereeldste gebruik.
Principled eclecticism	A teacher’s considered use of various teaching techniques to achieve the planned outcome (e.g. communicative competence).
Beginselvaste-eklektisisme	Die onderwyser se oorwoë benutting van verskeie onderrigtegnieke om die beplande uitkoms te bereik (bv. kommunikatiewe bevoegdheid).
Process	The stages followed during the act of writing which include planning, writing, editing, rewriting and publishing.
Proses	Die stadiums wat tydens die skryf-aksie gevolg word en wat die volgende insluit: beplanning, skryf, taalversorging, herskryf en publisering.
Product	The text created as a result of the act of writing.
Produk	Die teks wat deur die skryf-aksie geskep is.
Reading fluency	A reader’s ability to read (silently or aloud) with few errors and hesitations, to group words into meaningful units and to read with expression.
Leesvlotheid	’n Leser se vermoë om, met ’n paar foute en huiwerings, stil of hardop te lees, om woorde in betekenisvolle eenhede te groepeer en om met gevoel te lees.
Reading instruction stage	The phase in a child’s academic development in which formal literacy instruction begins.
Leesinstruksiestadium	Die fase in ’n kind se akademiese ontwikkeling waar met formele opdragte vir geletterdheid begin word.

Reading readiness	The skills required to create ideal conditions for a child to begin learning to read.
Leesgereedheid	Die vaardighede waaroor ’n kind moet beskik om die ideale omstandighede te skep vir die aanvang van lees.
Reading speed	An individual’s rate of oral or silent reading as measured in words per minute.
Leesspoed	Die tempo, gemeet in woorde per minuut, waarteen ‘n individu hardop (of stil) lees, soos dit in woorde per minuut gemeet word.
Realia	Objects used in lessons to demonstrate phenomena in the real world.
Realia	Voorwerpe wat in lesse gebruik word om fenomene in die werklike wêreld aan te toon.
Recast	The process of repeating a learner’s incorrect utterance, but making changes that convert the error to a linguistically correct utterance.
Omwerking	Die proses waar ’n leerling se verkeerde uitinge herhaal word, maar veranderings word gemaak wat die uiting na ’n linguisties-korrekte uiting omskakel.
Reliability	Refers to how consistently a test measures the construct of interest. Reliability applies to the items in the test, as well as to the raters (scorers) and how consistently the test is scored.
Betroubaarheid	Verwys na die konsekwentheid waarmee ’n toets ‘n konstruk kan meet. Betroubaarheid is op die items in die toets, asook op die gradeerders (wat die punte toeken) en op die konsekwentheid van puntetoekenning, van toepassing.
Referent	A word in a text that has a logical relationship to another word in the same text.
Referent	’n Woord in ’n teks wat ’n logiese verhouding met ’n ander woord in dieselfde teks het.
Reproductive function of literacy	The purpose of the written word to preserve information as faithfully as possible so that established knowledge can be reproduced.
Reproduktiewe funksie van geletterdheid	Die doel van die geskrewe woord om inligting so getrou as moontlik te bewaar sodat gevestigde kennis weergegee kan word.

Restructuring in second language learning	Restructuring is the process by which learners change their interlanguage system and restructure that system.
Herstrukturering in tweedetaal aanleer	Herstrukturering is die proses wanneer leerders hul intertaalstelsel verander en daardie stelsel se struktuur verander.
Risk-taking	A person's willingness to express themselves in the additional language even though they are not fully proficient.
Risikoneming	Mense se bereidwilligheid om hulself in die bykomende taal uit te druk, alhoewel hulle nie ten volle bedrewe is nie.
Scaffolding	The support given to a learner to move them from their current ability to greater proficiency and independence.
Steierwerk	Die ondersteuning wat aan leerders gegee word om hulle vanaf hul huidige vermoë na groter bedrewenheid en onafhanklikheid te laat beweeg.
Second language (L2)	Any language learnt after the first language which is used for particular purposes (such as access to business or education), or which carries particular social status.
Tweede taal (T2)	Enige taal wat ná die eerste taal aangeleer is en wat vir spesifieke doeleindes gebruik word (soos toegang tot die besigheidslewe of onderwys), of wat 'n spesiale sosiale status dra.
Segment	The skill of breaking up and sounding out a word according to its phonemes.
Segment	Die vaardigheid om 'n woord volgens sy foneme op te breek en dit hardop te klank.
Short-term memory	A temporary storage facility used during cognitive processing to store auditory and visual information.
Korttermyngeheue	'n Tydelike bewaringsfasiliteit wat gedurende kognitiewe prosessering gebruik word om klank- en visuele inligting te bewaar.

Sight words	Words which need to be recognized by sight rather than read letter by letter because they are spelled irregularly, e.g. *sugar*, *island.*
Sigwoorde	Woorde wat deur sig herken moet word in plaas daarvan om dit letter vir letter te lees omdat dit onreëlmatig gespel word, bv. die Engelse woorde *sugar* en *island*.
Self-efficacy	A learner's own belief in their ability to acquire language skills in an additional language.
Selfdoeltreffendheid	Leerders se eie siening van hul vermoëns om taalvaardighede in ’n bykomende taal te verkry.
Semilingualism	When an individual is not fully proficient in any of the languages they have acquired, resulting in partial knowledge of two or more languages.
Semitaligheid	Wanneer individue nie ten volle in enige van die tale wat hulle aangeleer het bedrewe is nie, en daarom gedeeltelike kennis van twee of meer tale het.
Sequentiality	The movement of the eyes during reading word for word across the page in a particular direction (such as from left to right).
Opeenvolgendheid	Die beweging van die oë tydens lees waar woord vir woord in ’n spesifieke rigting oor die bladsy gelees word (soos van links na regs).
Socioaffective strategies	Interacting with interlocutors in additional language communicative situations and taking steps to ensure that the message is conveyed effectively.
Sosio-affektiewe strategieë	Wisselwerking met gespreksgenote in bykomende taal kommunikatiewe-situasies en waar stappe gedoen word om te verseker dat die boodskap doeltreffend oorgedra word.
Sociolect	A dialect associated with a particular social group (such as a socio-economic group, an age group or a religious group).
Sosiolek	’n Dialek wat met ’n spesifieke sosiale groep vereenselwig word (soos ’n sosio-ekonomiese groep, ’n ouderdomsgroep of ’n geloofsgroep).

Sociolinguistic competence	The ability to negotiate meaning in culturally appropriate ways.
Sosiolinguïstiese bevoegdheid	Die vermoë om betekenis op gepaste kulturele wyses verstaanbaar te maak.
Sociopragmatic failure	Occurs when additional language speakers transfer social rules from their first language and culture to the target language in an inappropriate manner.
Sosiopragmatiese mislukking	Vind plaas wanneer sprekers van ’n bykomende taal die sosiale reëls van hul eerste taal en kultuur op ’n ontoepaslike manier na die doeltaal oordra.
Speech act theory	The study of the performative function of utterances in communication.
Spraak-aksieteorie	Die studie van die performatiewe funksie van uitinge in kommunikasie.
Speech event	A set of utterances made in communication.
Spraakgebeurtenis	’n Stel uitinge wat gedurende kommunikasie gemaak word.
Storybook reading	When a child and an adult are jointly focused on the common activity of reading a storybook, during which they interact and the adult mediates the meaning of the text for the child.
Storieboeklees	Wanneer ’n kind en ’n volwassene saam op die gemeenskaplike aktiwiteit van storieboeklees gefokus is, terwyl hulle op mekaar reageer en die volwassene as bemiddelaar tussen die betekenis van die teks en die kind optree.
Story scheme	The structure of narrative texts.
Storieskema	Die struktuur van verhalende tekste.
Strategic competence	A component of communicative competence which refers to the ability to overcome difficulties when communication breakdowns occurs, using verbal and non-verbal tools.
Strategiese bevoegdheid	’n Komponent van kommunikatiewe bevoegdheid wat verwys na die vermoë om verbale en nie-verbale hulpmiddels te gebruik om probleme te oorkom wanneer kommunikatiewe teëspoed ervaar word.

Subtractive bilingualism	The situation in which the additional language is learned at the expense of the first language.
Subtraktiewe tweetaligheid	Die situasie waar die bykomende taal ten koste van die eerste taal geleer word.
Summative assessment	Assessment that takes the form of a single, credit-bearing task which takes place at the end of a year or qualification and which measures overall competence.
Summatiewe assessering	Assessering in die vorm van ’n enkele, kredietdraende opdrag wat aan die einde van ’n jaar of kwalifikasie plaasvind en die algehele bevoegdheid meet.
Syntax	Grammar rules of a language which determine the way words can be combined to form sentences.
Sintaksis	Grammatikale taalreëls wat bepaal hoe woorde saamgevoeg kan word om sinne te vorm.
Target language (TL)	The additional language which is being learnt.
Doeltaal (DT)	Die bykomende taal wat geleer word.
Text structure	The overall organisation of information in a text.
Teksstruktuur	Die algehele organisasie van inligting in ’n teks.
Theme	The main idea (or gist) of a text.
Tema	Die hoofidee (of kern) van ’n teks.
Theory	A theory is a set of statements about natural phenomena that explains why these phenomena occur the way they do. A theory can make predictions and contains multiple hypotheses based on generalizations.
Teorie	’n Teorie is ’n stel verklarings oor natuurlike fenomene wat verduidelik waarom hierdie fenomene voorkom soos wat dit voorkom. ’n Teorie kan voorspellings maak en bevat verskeie hipoteses wat op veralgemening gebaseer is.

Top-down processes	Higher-order processes of reading which move from comprehension down to the basic processes of decoding.
Hiërargiese prosesse	Hoërorde leesprosesse wat vanaf begrip afwaarts na die basiese dekoderingsprosesse beweeg.
Transformative function of literacy	The purpose of the written word to transform knowledge by offering new ways of seeing the world and challenging existing knowledge.
Transformatiewe funksie van geletterdheid	Die funksie van die geskrewe woord om kennis te transformeer deur nuwe maniere voor te stel om na die wêreld te kyk en bestaande kennis uit te daag.
Transitional stage	The phase in a learner's academic development in which the emphasis changes from learning to read to reading to learn.
Oorgangstadium	Die fase in 'n leerder se akademiese ontwikkeling waar die klem verskuif vanaf leer om te lees na lees om te leer.
Translanguaging	The pedagogical practice where the language mode of input and output are deliberately switched in bi/multilingual classrooms.
Transtaalvertaling	Die pedagogiese gebruik in tweetalige of multi-talige klaskamers waar die taalmodus van inset en uitset doelbewus omgeskakel word.
Universal Grammar (UG)	Chomsky's theory that explains humans' ability to acquire languages as an innate set of mental principles and parameters of grammar that act as a blueprint for language acquisition and which can be applied to all languages.
Universele grammatika (UG)	Chomsky se teorie wat menslike vermoë verduidelik om tale as 'n aangebore stel verstandelike beginsels en parameters van grammatika te verwerf wat dien as 'n bloudruk vir taalverwerwomg, en wat op alle tale van toepassing is.
Validity	The accuracy with which a test measures the construct of interest, thereby supporting the interpretation of test scores.
Geldigheid	Die akkuraatheid waarmee 'n toets die konstruk van belang meet en waardeur die interpretasie van toetspunte ondersteun word.

Vocabulary	The body of words used in a particular language.
Woordeskat	Die versameling woorde wat in ’n spesifieke taal gebruik word.
Vocabulary knowledge	Refers to knowledge of words and multiword units. Receptive vocabulary refers to the words people understand, while productive vocabulary refers to the words people can use.
Woordeskatkennis	Verwys na kennis van woorde en multiwoordeenhede. Reseptiewe woordeskat verwys na die woorde wat mense verstaan, terwyl produktiewe woordeskat verwys na die woorde wat mense kan gebruik.
Vocabulary breadth	Refers to how many words people know.
Woordeskat-omvang	Verwys na die hoeveelheid woorde wat mense ken.
Vocabulary depth	Refers to the quality of a person’s vocabulary knowledge, i.e. knowledge of the form, meaning, collocations and associations of a word.
Woordeskat-diepte	Verwys na die gehalte van ’n mens se woordeskatkennis, bv. kennis oor die vorm, betekenis, kollokasies en assosiasies van ’n woord.
Washback	The effect that a test has on teaching and learning activities. The effect can be positive (encourage good teaching and coverage of the curriculum) or negative (encourage a narrow focus on only specific parts of the curriculum) depending on the test itself.
Terugspoeling	Die uitwerking wat ’n toets op onderrig- en leeraktiwiteite het. Die uitwerking kan positief (moedig goeie onderrig en dekking van die kurrikulum aan) of negatief (moedig ’n eng fokus op slegs spesifieke dele van die kurrikulum aan) wees, afhangend van die toets self.
Whole-word approach	An approach to reading instruction in which children are taught to recognise words from their overall shape and from cues in the context.
Heelwoordbenadering	’n Benadering tot leesinstruksie waar kinders geleer word om woorde volgens hul algehele vorm en aanduidings in die konteks te herken.

Withdrawal	Additional language speakers are given a language proficiency test, and if proficiency is lacking, are placed with learners of the same age, demoted one grade or given extra lessons outside the classroom to catch up.
Onttrekking	Sprekers van bykomstige taal word getoets vir taalvaardigheid, en indien vaardigheid ontbreek, word hulle by leerders van dieselfde ouderdom geplaas, een graad verlaag, of ekstra onderrig buite die klaskamer gegee om te kan inhaal.
Word recognition	The process of perceiving written symbols and converting the symbols into a word.
Woordherkenning	Die proses om geskrewe simbole waar te neem en die simbole in ’n woord om te skakel.
Working memory	The facility in the brain that controls processing and storage of verbally or visually presented information in real time; also called short-term memory.
Werkgeheue	Die fasiliteit in die brein wat die prosessering en bewaring van verbale of visuele inligting in reële tyd beheer; word ook korttermyngeheue genoem.
Zone of proximal development (ZPD)	The distance between what someone is able to do with assistance at their current level and what they can do independently in the future.
Sone van proksimale ontwikkeling	Die afstand tussen dit wat iemand op hul huidige vlak met bystand kan doen, en dit wat hulle in die toekoms onafhanklik kan doen.